

“Bloedige hand” beginsel in gevalle van nalatige
doodsveroorsaking en boedelbeplanning

Skripsie ingedien ter nakoming van die vereistes van
die graad Magister Legum by die Noord-Wes
Universiteit, Potchefstroom Kampus

deur

DMDV Lategan

12998575

LLMB

Studieleier: Prof. Elmarie van der Schyff

Mede-Studieleier: Prof. Christa Rautenbach

November 2010

Inhoudsopgawe

Uittreksel.....	1
Abstract.....	2
 Hoofstuk 1	
Inleiding	3
 Hoofstuk 2	
Historiese agtergrond.....	6
2.1 Inleiding.....	6
2.2 Standpunte van historiese skrywers.....	8
2.2.1 De Groot.....	8
2.2.2 Matthaeus.....	9
2.2.3 Voet.....	10
2.2.4 Ander Juriste.....	11
2.3 Samevatting.....	11
 Hoofstuk 3	
Moderne Suid-Afrikaanse reg.....	12
3.1 Agtergrond.....	12
3.2 Toepassing van die beginsel deur die hof.....	12
3.3 Standpunte van moderne skrywers.....	15
3.4 Morele blaamwaardigheid en die gemeenskapopvatting	21
3.4.1 Verskillende standpunte.....	21
3.4.2 Ontleding van die gemeenskapsopvatting	
en openbare beleid.....	23
3.5 Strafregtelike aanspreeklikheid.....	25
 Hoofstuk 4	
Boedelbeplanning.....	27

4.1 Inleiding.....	27
4.2 Boedelimplikaties.....	28
4.2.1 Belasting.....	28
4.2.2 Vervroeging van voordele.....	30
4.2.3 Trusts.....	32
 Hoofstuk 5	
Samevatting en aanbevelings.....	34
5.1 Samevatting.....	34
5.2 Aanbevelings.....	35
Bibliografie.....	38

ABSTRACT

The “bloedige hand” principle stipulates that no person who causes the death of another person, intentionally or negligently, may inherit from the deceased. The legal position of the beneficiary who intentionally killed the testator is certain – he or she cannot inherit from the former. However, it is fairly uncertain how the “bloedige hand” principle is applied in cases where the testator’s death was negligently caused by his or her beneficiary. In some cases of negligence, for example a motorcar accident, the community does not view the action of the perpetrator as blameworthy. Moral blameworthiness is used as an indication of whether the “bloedige hand” principle should be applied or not.

No law case exists where courts applied the “bloedige hand” principle in situations where the death of a testator was negligently caused by the driving of a motorcar. There are a number of writers who are of the opinion that the principle should be relaxed to put motorcar accidents out of the ambit of the “bloedige hand” principle. The uncertainty surrounding the application of the “bloedige hand” principle in the case of negligence has a potential effect on estate planning, because the benefits one would have received as beneficiary would be lost if the testator was negligently killed by such beneficiary. The testator should therefore make provision in his or her will for cases where he or she is negligently killed by one or more of his or her beneficiaries.

The aim of this dissertation is to discuss the principles relevant to the “bloedige hand” principle in the case of negligence and to identify the potential impact of the principle on estate planning, and then to advance mechanisms which can be used by the testator to keep estate planning in place if he or she is negligently killed by one or more of his or her beneficiaries.

UITTREKSEL

Die “bloedige hand” beginsel bepaal dat geen persoon wat die dood van ‘n ander persoon, opsetlik of nalatig, veroorsaak, van daardie persoon mag erf nie. Daar is geen onsekerheid oor die toepassing van die “bloedige hand” beginsel in gevalle waar ‘n begunstigde die dood van die testateur opsetlik veroorsaak het nie – hy of sy mag nie van die oorledene erf nie. Die posisie met betrekking tot nalatige doodsveroorsaking is egter onseker. In sommige gevalle van nalatige doodsveroorsaking, byvoorbeeld motorongelukke, word die handeling nie deur die gemeenskap as afkeurenswaardig beskou nie. Morele blaamwaardigheid word as maatstaf gebruik om te bepaal of die “bloedige hand” beginsel toegepas moet word of nie. Die gemeenskap beskou eerder ‘n handeling as afkeurenswaardig indien die doodsveroorsaker aan ‘n misdryf skuldig bevind is.

Tot op hede het die hofe nog nie beslis oor die “bloedige hand” beginsel in die geval waar die dood van die testateur nalatig deur ‘n motorbotsing veroorsaak is nie. Daar is verskeie skrywers wat van mening is dat die beginsel verslap moet word om sodoende motorongelukke buite die trefwydte van die “bloedige hand” beginsel te plaas. Die onsekerheid rondom die toepassing van die “bloedige hand” beginsel in gevalle van nalatige doodsveroorsaking het ‘n potensiele invloed op boedelbeplanning, omrede die voordele wat ‘n testateur sou ontvang omvergegooi sou word indien hy of sy deur een van die begunstigdes gedood word. Derhalwe moet die testateur in sy of haar testament voorsiening maak vir ingeval hy of sy nalatig deur die begunstigde gedood word.

Die doel van hierdie skripsie is om die strekking van die “bloedige hand” beginsel in gevalle van nalatige doodsveroorsaking en die potensiele impak wat die “bloedige hand” beginsel op die proses van boedelbeplanning het, vas te stel. Verder word meganismes geïdentifiseer wat deur die boedelbeplanner gebruik kan word in die geval waar hy of sy nalatig deur ‘n begunstigde gedood is.

HOOFSTUK 1

Inleiding

Die “bloedige hand” beginsel is afkomstig van die gemeenregtelike beginsel “*de bloedige handt neemt geen erfenis*”.¹ Hierdie beginsel behels dat ‘n persoon wat die dood van die testateur op ‘n skuldige wyse² veroorsaak het, nie geregtig is om van sodanige oorledene te erf nie.³

Uit die regspraak blyk dit dat daar geen regsonsekerheid bestaan oor die toepassing van die “bloedige hand” beginsel in gevalle van opsetlike doodsveroorsaking nie.⁴ Sodanige doodsveroorsaker is onbevoeg om van die persoon wat hy⁵ opsetlik gedood het te erf.⁶ Hierdie posisie blyk duidelik uit sake soos *Nell v Nell*,⁷ *Taylor v Pim*,⁸ *Ex parte Steenkamp*,⁹ *Caldwell v Erasmus*¹⁰ en *Makhanya v Minister of Finance*.¹¹

1 Hierna die “bloedige hand” beginsel.

2 Snyman *Strafreg* 141-145; Daar bestaan twee vorme van skuld in die Suid-Afrikaanse reg, te wete opset en nalatigheid.

3 Jonker “Die nalatige bloedige hand” 2002 *De Rebus* 22; Knoetze “Die moordenaar se onbevoegdheid om bevoordeel te word” 1998 *TSAR* 783; McLennan “Unworthiness to inherit, the ‘bloedige hand’ rule and euthanasia, what to say in your will” 1996 *SALJ* 143; Schoeman “Nalatige doodsveroorsaking statutêre hervorming van die erfreg?” 1994 *THRHR* 114; Skeen “Unworthiness through negligence” 1993 *SALJ* 449; Sonnekus en Van der Walt “Die nalatige bloedige hand - voor die hof en die wetgewer” 1992 *TSAR* 148; *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N) 510G; *Makhanya v Minister of Finance* 1997 2 ALL SA 227 (D) 231C.

4 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N); *Caldwel v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T) 47G; *Nell v Nell* 1976 2 SA 700 (T); *Taylor v Pim* 1903 NLR 484; *Ex Parte Steenkamp en Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T); Jonker 2002 *De Rebus* 22; Knoetze 1998 *TSAR* 783; McLennan 1996 *SALJ* 143; Schoeman 1994 *THRHR* 114.

5 Die manlike vorm sluit ook die vroulike vorm in, tensy uitdruklik anders vermeld.

6 Jonker 2002 *De Rebus* 22; Knoetze 1998 *TSAR* 783; McLennan 1996 *SALJ* 143; Schoeman 1994 *THRHR* 114.

7 *Nell v Nell* 1976 2 SA 700 (T).

8 *Taylor v Pim* 1903 NLR 484.

9 *Ex Parte Steenkamp en Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T).

10 *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T) 47G.

11 *Makhanya v Minister of Finance* 1997 2 ALL SA 227 (D) 231C.

Wat nalatige doodsveroorsaking aanbetref, heers daar egter 'n mate van onsekerheid.¹² Cronje en Roos¹³ dui aan dat daar in die praktyk wel gevalle bestaan waar persone wat die dood van die testateur nalatiglik veroorsaak het, steeds van die oorledene kan erf.¹⁴ Hierteenoor neem die gesag egter 'n ander standpunt in. In *Casey v The Master*¹⁵ is *obiter* opgemerk dat 'n nalatige doodsveroorsaker onbevoeg is om van sy slagoffer te erf.¹⁶ Daar is egter geen wetgewing of regspraak wat hierdie kwessie direk aanspreek nie en daar heers aansienlike regsonsekerheid in hierdie verband in die Suid-Afrikaanse reg.

Die regsonsekerheid met betrekking tot nalatige doodsveroorsaking van die testateur kan ook 'n inpak op boedelbeplanning hê. Wanneer 'n boedeleienaar faktore by die beplanning van sy boedel in aanmerking neem, behoort hy ook in aanmerking te neem dat 'n beoogde begunstigde¹⁷ nalatiglik by sy dood betrokke kan wees en sodoende onbevoeg kan wees om van hom te erf. 'n Testateur kan byvoorbeeld bedoel dat 'n begunstigde steeds 'n bevoordeling uit sy testament moet ontvang, ten spyte van die feit dat hy die testateur se dood nalatiglik in 'n motorbotsing, skietongeluk of enige ander tipe fratsongeluk veroorsaak het. Die navorsingsvraag wat hierdie studie onderlê is die vraag: Wat is die potensiele impak van die "bloedige hand" beginsel in gevalle van nalatige doodsveroorsaking in die konteks van boedelbeplanning?

Teen hierdie agtergrond gaan die volgende werkswyse gevolg word. In die eerste plek word die historiese ontwikkeling van die "bloedige hand" beginsel inleidend bespreek.¹⁸ Tweedens gaan die moderne toepassing van die "bloedige hand" beginsel in die Suid-Afrikaanse reg ondersoek word.¹⁹ In die derde plek

12 Cronje en Roos *Erfreg Vonnisbundel* 152-153.

13 Cronje en Roos *Erfreg Vonnisbundel* 152-153.

Cronje en Roos *Erfreg Vonnisbundel* 152-153; Jonker 2002 *De Rebus* 22; Knoetze 1998 *TSAR* 783.

15 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N).

16 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N) 510G; Jonker 2002 *De Rebus* 22; McLennan 1996 *SALJ* 143; Schoeman 1994 *THRHR* 114.

17 Die woord 'begunstigde' is 'n generiese term wat verwys na of 'n erfgenaam of legataris.

18 Sien hoofstuk 2 van hierdie skripsie.

19 Sien hoofstuk 3 van hierdie skripsie.

gaan die praktiese impak van die “bloedige hand” beginsel in die konteks van boedelbeplanning aangespreek word.²⁰ Ten slotte word enkele aanbevelings gemaak waardeur die negatiewe gevolge van die “bloedige hand” beginsel by die nalatige doodsveroorsaking van die testateur oorkom kan word.²¹

Hierdie ondersoek het te make net met ‘n testateur se bedoeling om ‘n begunstigde te laat erf ten spyte daarvan dat laasgenoemde die testateur se dood nalatiglik veroorsaak het en gevolglik kom slegs die testate erfreg ter sprake.²²

20 Sien hoofstuk 4 van hierdie skripsie.

21 Sien hoofstuk 5 van hierdie skripsie.

22 Die beginsel ter sprake in die geval van intestate vererwing gaan nie ondersoek word nie.

HOOFSTUK 2

Historiese agtergrond

2.1 Inleiding

Die “bloedige hand” beginsel het sy oorsprong in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg.²³ In die Romeinse reg was daar ‘n uitgebreide kategorie van persone wat nie oor die *testamenti factio passiva*²⁴ beskik het nie.²⁵ Een van hierdie kategorieë is persone wat die testateur se dood veroorsaak het.²⁶ Verder is daar in die Romeinse reg melding gemaak van doodslag *per negligentiam et culpa suam*. *Negligentiam* kan nalatigheid in die vorm van verwaarlosing of versuim insluit.²⁷ Dit kom voor asof die beletsel in die Romeinse reg waarskynlik ook die doodsveroorsaker wat nalatig of onagsaam opgetree het, getref het en hom sodoende van sy erfenis ontnem het.²⁸ In die Romeinse reg was selfs die versuim om te keer dat die testateur sterf, gronde vir uitsluiting van die erfenis.²⁹ ‘n Verdere voorbeeld van gedrag wat as onfatsoenlik bestempel is, maar waarskynlik vandag nie meer dieselfde smet dra nie, is die verleiding van ‘n ongetroude dame deur haar bekend te stel aan ongeoorloofde genietinge, soos alkoholiese drankies of kansspele.³⁰

23 Van Der Walt en Sonnekus “Die nalatige bloedige hand - Neem dit erffenis [sic]?” 1981 *TSAR* 30; Knoetze 1998 *TSAR* 783; Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 148; McLennan 1996 *SALJ* 143.

24 Letterlik vertaal beteken die frase dat iemand nie bevoeg is om te erf nie Morwood *New Oxford Latin Dictionary*.

25 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 31; Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 148; Schoeman 1994 *THRHR* 115.

26 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 31; Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 148; Schoeman 1994 *THRHR* 115.

27 “Negligentia” word gedefinieer as the “lack of care, carelessness, heedlessness, neglect”. “Culpa” word gedefinieer as “crime, fault, blame, failure, defect” Morwood *Pocket Oxford Latin Dictionary*.

28 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 32; Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 148; Schoeman 1994 *THRHR* 115.

29 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 32.

30 *Taylor v Pim* 1903 NLR 484, Sonnekus “Onwaardigheid vir erfopvolging en versekeringsbegunstiging” 2010 *TSAR* 176. Hierdie voorbeeld is slegs om te illustreer dat daar kategorieë van onbevoegde begunstigdes bestaan het wat vandag nie meer as onbevoegde begunstigdes gesien word nie. Kansspele beteken om te dobbel of ‘n kans te

So ook was die owerspeler en die owerspelige kind as erfregtelik onwaardige bevoorreedes geklassifiseer, maar sedert die uitsprake in die *Green*³¹ en *Estate Heinemann*³² sake word sulke persone nie meer as onwaardige bevoorreedes in die Suid-Afrikaanse reg geklassifiseer nie.³³

Volgens Van der Walt en Sonnekus³⁴ moet daar nie te veel klem op die benadering wat in die Romeinse reg gevolg was, gelê word nie, aangesien die skuldleer van die Middeleeuse juriste relatief onbekend is. Wat die Romeins-Hollandse reg aanbetref, is daar ook heelwat skrywers³⁵ wat van mening was dat nalatige doodsoorsaaking onder die “bloedige hand” beginsel tuisgebring kon word en gevolglik is nalatige doodsoorsakers uitgesluit van hulle erfenis.³⁶ Van der Walt en Sonnekus is van mening dat die Romeins-Hollandse reg eerder gevolg moet word, aangesien hierdie regstelsel nie die Romeinsregtelike reëls *in toto* oorgeneem het nie, maar eerder ‘n eie kategorie van onbevoegde of onwaardige bevoorreedes ontwikkel het.³⁷

Teen hierdie agtergrond sal die standpunte van enkele Romeins-Hollandse skrywers bespreek word.

vat op ‘n wetenskap volgens Odendaal *et al* 1979 *Die Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*.

31 *Green v Fitzgerald* 1914 AD 88.

32 *Estate Heinemann v Heinemann* 1919 AD 99.

33 Sonnekus 2010 TSAR 177; die bogenoemde hofsake is slegs van toepassing op owerspel, maar onwaardigheid het ook in die geval van kansspele verval.

34 Van Der Walt en Sonnekus 1981 TSAR 31-32; Die skuldleer van die Middeleeuse juriste was nie bekend aan alle juriste nie en die kategorieë van onbevoegde persone was deur die Romeins-Hollandse juriste geskep. Daarom is dit beter om die Romeins-Hollandse oorsprong van die “bloedige hand” beginsel te volg.

35 Sien paragrawe 2.1 – 2.3 van hierdie studie.

36 Van Der Walt en Sonnekus 1981 TSAR 37.

37 De Groot *Jurisprudence of Holland* 181; Van Der Walt en Sonnekus 1981 TSAR 31-32; Voorbeelde van hierdie kategorieë is persone wat die testateur se dood veroorsaak het, afkeurenswaardige gedrag soos die verleiding van ‘n ongetroude dame deur haar bekend te stel aan alkoholiese drankies of kansspele, selfs indien ‘n kind nie daarin kon slaag om sy ouers se moordenaar op te spoor nie of ‘n persoon wat die testament van die testateur probeer verberg of vernietig.

2.2 Standpunte van historiese skrywers

2.2.1 De Groot³⁸

In sy hantering van die onderwerp verwys De Groot³⁹ na die Romeinse reg, maar slegs om die Romeinse reg as agterliggende historiese gesag te meld en nie om dit te inkorporeer in die Romeins-Hollandse reg nie. De Groot het geensins getwyfel dat die opsetlike doodsversoorsaker nie kon erf nie. Hy was van mening dat selfs nalatige doodsveroorsaking die erfgenaam van sy erfenis behoort te ontnem, maar hy het nie op gesag gesteun nie.⁴⁰

In sy bespreking van die verskillende omstandighede waaronder erfgename onbevoeg sal wees om te erf,⁴¹ sê De Groot onder andere dat, indien 'n kind nie daarin slaag om sy ouers se moordenaar op te spoor nie, daardie kind ook onbevoeg sal wees om te erf.⁴² In dieselfde asem noem hy heelwat ander beperkings wat in die hedendaagse reg glad nie meer gebruik word nie, aangesien die reg en die samelewing tot so 'n mate ontwikkel het dat dit nie meer nodig is nie.⁴³

Dit is dus duidelik dat De Groot van oordeel was dat 'n wye kategorie van "onbevoegdes" bestaan. Skuld was die enigste element wat in aanmerking geneem is om "bevoegdheid om te erf" te toets. In hierdie opsig toon die Romeins-Hollandse reg, volgens De Groot, ooreenkomste met die Romeinse reg.

38 Die hoofbron vir die onderstaande is De Groot *Jurisprudence of Holland* 5-213.

39 De Groot *Jurisprudence of Holland* 5.

40 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 33.

41 De Groot *Jurisprudence of Holland* 181; Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 31; Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 148; Schoeman 1994 *THRHR* 115.

42 De Groot *Jurisprudence of Holland* 181.

43 Byvoorbeeld waar die erfgenaam die naam van die oorledene beswadder na laasgenoemde se dood of 'n skelm verhouding met die oorledene se gade gehad het of selfs van die oorledene se bates beskadig, sal die erfgenaam onbevoeg wees om te erf. De Groot *Jurisprudence of Holland* 36 181.

2.2.2 Matthaeus⁴⁴

Matthaeus se interpretasie van die “bloedige hand” beginsel word deur die oud-Vaderlandse juriste as gesaghebbend beskou.⁴⁵ Matthaeus bespreek die letterlike betekenis van die beginsel en bevind, soos De Groot, dat die beginsel wel in die Romeins-Hollandse reg toepassing vind.⁴⁶ Hy dui verder aan dat die nalatige doodsveroorsaker verbied sal word om te erf⁴⁷ en hy gebruik die voorbeeld waar ‘n vrou ernstig siek is en haar man versuim om vir haar te sorg.⁴⁸ Selfs hier vind die “bloedige hand” beginsel toepassing en sal die man verbied word om van sy vrou te erf.⁴⁹

Matthaeus⁵⁰ gaan egter ‘n stappie verder en verwys na noodweer as ‘n afwyking van die streng toepassing van die beginsel. Matthaeus sê dat indien ‘n persoon in noodweer optree, hy nie van sy erfenis ontnem sal word nie, mits hy aan die vereistes van noodweer voldoen.⁵¹ Indien hy wel in noodweer opgetree het, sal die dader nie getref word deur die “bloedige hand” beginsel nie en sodoende sal hy steeds van sy slagoffer kan erf, aangesien die skuldvraag nie ter sprake kom nie.⁵²

44 Matthaeus *Zinspreuken nr 6* 127 – 138.

45 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 36.

46 Matthaeus *Zinspreuken nr 6* 127 – 132; Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 36.

47 Matthaeus *Zinspreuken nr 6* 132; Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 36.

48 Matthaeus *Zinspreuken nr 6* 132; Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 36.

49 Matthaeus *Zinspreuken nr 6* 132; Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 36.

50 Matthaeus *Zinspreuken nr 6* 138; Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 36.

51 Matthaeus *Zinspreuken nr 6* 138; Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 36; Snyman *Strafreg* 102-103; *S v Van Wyk* 1967 1 SA 488 (A) 498. Die vereistes vir noodweer sluit in dat die aanval wederregtelik moet wees, die aanval moet gerig wees op ‘n belang wat die reg as beskermingswaardig beskou en die aanval moet dreigend wees, maar nog nie afgeloop nie. In die geval van ‘n afweermiddel, het daar nog geen dreigende aanval begin nie (byvoorbeeld waar ‘n winkeleienaar ‘n haelgeweer so plaas dat dit sal afgaan indien iemand inbreek), maar die reg erken sodanige afweermiddels tog as regmatige noodweer in sekere eng omskrewe omstandighede.

52 Snyman *Strafreg* 102. By noodweer word daar gekyk na wederregtelikheid. Die handeling kan soms geregverdig word omrede die persoon wat die handeling verrig het nie wederregtelik opgetree het nie, al sou sy handeling strafbaar gewees het in ander omstandighede. Daar word dus nie gekyk na die skuldelement nie, omdat die handeling geregverdig kan word en derhalwe nie op skuld neerkom nie.

2.2.3 Voet⁵³

Voet bespreek die “bloedige hand” beginsel en dui aan dat beide die opsetlike en die nalatige doodsveroorsaker onwaardig is om te erf.⁵⁴ Hy kwalifiseer egter, soos Matthaeus, die toepassingsveld van die “bloedige hand” beginsel deur dit te verbind met die wederregtelikelement.⁵⁵ Voet beperk die toepassing van die beginsel deur die volgende te sê.⁵⁶

Nevertheless if he who killed the testator had a cause for killing him which was just and was approved by laws, he ought by no means to be deemed unworthy of what has been left him. Where there is no blame, there ought to be no penalty; and the ademption of bequests is a kind of penalty.

Hy dui dus aan dat indien die doodsveroorsaker ‘n regsgeldige verweer kan opper, hy nie deur die toepassing van die “bloedige hand” beginsel getref sal word nie. Alhoewel Voet nie die “bloedige hand” beginsel uitdruklik aan strafregtelike aanspreeklikheid koppel nie, het hy reeds in daardie rigting begin beweeg.⁵⁷ Soos later in hierdie studie gesien sal word,⁵⁸ het ander lande⁵⁹ die beginsel gekoppel aan strafregtelike aanspreeklikheid en sommige moderne juriste⁶⁰ is van mening dat dit ook die oplossing vir Suid-Afrika sal wees, aangesien dit sal bepaal in watter gevalle die beginsel toegepas sal word.

53 Voet *Commentary on the Pandects* 287- 288.

54 Voet *Commentary on the Pandects* 287.

55 Voet *Commentary on the Pandects* 288.

56 Voet *Commentary on the Pandects* 288.

57 Deur die “bloedige hand” beginsel te koppel aan strafregtelike aanspreeklikheid, beteken dit dat die “bloedige hand” beginsel nie toepassing sal vind in gevalle waar daar geen vorm van strafregtelike vervolging is nie.

58 Sien hoofstuk 3.3 en 3.4 van hierdie studie.

59 Die Amerikaanse *Forfeiture Act* van 1982. Hierna die *Forfeiture Act* 1982 en die Engelse Slayer rule. ‘n Regsvergelykende ondersoek val buite die omvang van hierdie studie.

60 Isakow *The Law of Succession Through the Cases* 65.

2.2.4 Ander juriste

Daar is verskeie ander Romeins-Hollandse juriste⁶¹ wat die beginsel kortliks bespreek het en van mening was dat nalatige doodsveroorsaking ook veroorsaak dat die erfgenaam uitgesluit sal word van die erfenis.⁶² Daar is heelwat beperkings geplaas op persone wat nie bevoeg sal wees om te erf nie weens hulle optrede teenoor die testateur voor sy dood.⁶³ Hierdie beperkings het intussen in onbruik verval en dit sal onredelik wees indien dit in die moderne samelewing toepassing sou vind.⁶⁴

2.3 Samevatting

Uit die historiese oorsig blyk dit duidelik dat die “bloedige hand” beginsel wel toepassing in die Romeinse en Romeins-Hollandse reg in gevalle van nalatige doodsveroorsaking gevind het. Juriste soos Matthaeus⁶⁵ en Voet⁶⁶ het gepoog om die werking van die “bloedige hand” beginsel te beperk deur op die wederregtelikelement te fokus. Indien wederregtelikheid afwesig was, was daar geen nalatigheid nie en het die “bloedige hand” beginsel dus nie gegeld nie.

Die moderne toepassing van die “bloedige hand” beginsel in die Suid-Afrikaanse reg word vervolgens ondersoek. Dit is noodsaaklik om in gedagte te hou dat die Suid-Afrikaanse reg op die Romeinse en Romeins-Hollandse reg geskoei is en dit is nodig om te bepaal of, en indien wel, hoe die “bloedige hand” beginsel in die Suid-Afrikaanse reg oorgeneem en verder ontwikkel is.

61 Naamlik Van der Vorm, Van Leeuwen en Van Bynkershoek. Vir 'n bespreking sien Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 34-35.

62 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 34-35.

63 De Groot *Jurisprudence of Holland* 181.

64 Dink byvoorbeeld aan De Groot se beperking dat 'n seun wat nie daarin slaag om sy ouers se moordenaars op te spoor nie, ook onbevoeg sal wees om van hulle te erf. Sien De Groot *Jurisprudence of Holland* 181.

65 Matthaeus *Zinspreuken* nr 6 127 – 138.

66 Voet *Commentary on the Pandects* 287- 288.

HOOFSTUK 3

Moderne Suid-Afrikaanse reg

3.1 *Agtergrond*

In Suid-Afrika word die “bloedige hand” beginsel soortgelyk aan die Romeins-Hollandse reg⁶⁷ toegepas. In hierdie hoofstuk word die “bloedige hand” beginsel soos dit in die moderne Suid-Afrikaanse reg toepassing vind, verder ondersoek.

3.2 *Toepassing van die beginsel deur die howe*

Dit behoort nou al duidelik te wees dat opsetlike doodsveroorsaking tot gevolg het dat die doodsveroorsaker onbevoeg is om van die oorledene te erf en in hierdie hoofstuk word slegs gefokus op nalatige doodsveroorsaking en die toepassing daarvan deur die howe.⁶⁸

Daar kon geen gerapporteerde beslissings gevind word waar die Suid-Afrikaanse howe die “bloedige hand” beginsel in gevalle van nalatige doodsveroorsaking toegepas het, waar daar nie ‘n groot mate van afkeurenswaardige en moreel blaamwaardige gedrag betrokke was nie. Daar is egter al *obiter* na nalatige doodsveroorsaking verwys en gesê dat ‘n persoon wat die dood van die testateur op ‘n nalatige wyse veroorsaak het, nie van die testateur sal kan erf nie.⁶⁹ Tog kom dit voor asof die howe slegs die “bloedige hand” beginsel by nalatige doodsveroorsaking sal toepas in gevalle waar die optrede van die doodsveroorsaker sterk afkeurenswaardig is en sy gedrag moreel blaamwaardig

67 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 30; Knoetze 1998 *TSAR* 783; Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 148; McLennan 1996 *SALJ* 143.

68 Jonker 2002 *De Rebus* 22; Knoetze 1998 *TSAR* 783; McLennan 1996 *SALJ* 143; Schoeman 1994 *THRHR* 114.

69 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N); *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T) 47G; *Nell v Nell* 1976 2 SA 700 (T); *Taylor v Pim* 1903 NLR 484; *Ex Parte Steenkamp en Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T).

was.⁷⁰ Dit was dan ook die geval in die *Taylor v Pim*-saak⁷¹ waar die hof na hierdie beletsel verwys het as een van die gevalle waar die erfgenaam onbevoeg is om te erf.⁷² Hier het die erfgenaam toegelaat dat die testatrise alkohol gebruik terwyl haar geneesheer die gebruik daarvan verbied het. Die hof het die morele blaamwaardigheid van hierdie optrede beklemtoon en bevind dat die erfgenaam onbevoeg is om van die testatrise te erf.⁷³

In *Caldwell v Erasmus*⁷⁴ is daar beslis dat daar goeie gesag bestaan wat bevestig dat 'n persoon wat die dood van die oorledene veroorsaak het, al was dit nalatig, onbevoeg is om van daardie persoon te erf.⁷⁵ In dieselfde saak steun Regter Blackwell die beslissing van die Engelse saak, *Hall v Knight en Baxter*,⁷⁶ waar daar beslis was dat 'n vrou wat skuldig bevind is aan strafbare manslag deurdat sy haar man se dood op 'n nalatige wyse veroorsaak het, nie bevoeg is om van die testateur te erf nie.⁷⁷ By strafbare manslag is die skuldvereiste nalatigheid en die regter meld dat dieselfde beginsel in Suid-Afrika gevolg moet word.⁷⁸

Regter Human het in *Nell v Nell*⁷⁹ ook die *Hall*-saak⁸⁰ aangehaal en bevestig dat die Engelse posisie⁸¹ gevolg moet word. In hierdie saak het dit egter oor die bevoegdheid van 'n moordenaar om te erf gehandel en was dit nie nodig om oor

70 Sien *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N); *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T) 47G; *Nell v Nell* 1976 2 SA 700 (T); *Taylor v Pim* 1903 NLR 484; Jonker 2002 *De Rebus* 22; Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 38; Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 148; Knoetze 1998 *TSAR* 783; Cronje en Roos *Erfreg Vonnisbundel* 152-153; Schoeman 1994 *THRHR* 114; Skeen 1993 *SALJ* 449.

71 *Taylor v Pim* 1903 NLR 484.

72 *Taylor v Pim* 1903 NLR 484, 489; Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 37.

73 *Taylor v Pim* 1903 NLR 484, 495.

74 *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T).

75 *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T) 47G.

76 *Hall v Knight en Baxter* 1914 PD 1.

77 *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T) 49E-G. Dit is dus duidelik dat die hof die morele afkeurenswaardigheid van die doodsveroorsakende optrede in 'n groot mate as kwalifiserende faktor beskou.

78 *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T) 49E-G.

79 *Nell v Nell* 1976 2 SA 700 (T).

80 *Hall v Knight en Baxter* 1914 PD 1.

81 Die Engelse posisie behels dat die spreuk in gevalle van nalatige doodveroorsaking toegepas moet word, soos beslis in die saak van *Hall v Knight en Baxter* 1914 PD 1.

die volle trefwydte van die “bloedige hand” beginsel te beslis nie.⁸² Na aanleiding van *Nell v Nell*⁸³ kan die afleiding gemaak word dat nalatige doodsveroorsaking soos in die Engelse reg,⁸⁴ ook in Suid-Afrika as ‘n beletsel gesien word, omdat die Suid-Afrikaanse regters na die Engelse sake met bevestiging verwys het. Daar is egter slegs *obiter* na nalatige doodsveroorsaking verwys en die regters in die bogenoemde hofsake het nie nodig gehad om spesifiek oor nalatige doodsveroorsaking te beslis nie.

Soos hierbo gesien, word nalatige doodsveroorsaking as beletsel gekwalifiseer deurdat die grondslag vir die beginsel om in te tree die morele blaamwaardige en afkeurenswaardige gedrag van die doodsveroorsaker is.⁸⁵ Dit blyk dan ook duidelik uit die uitspraak in *Taylor v Pim*.⁸⁶ Regter Bale het uitdruklik na die verband tussen die blaamwaardige gedrag van die erfgenaam en laasgenoemde se uitsluiting van die erfenis soos volg verwys:⁸⁷

I am satisfied upon the evidence that the defendant was the cause of the deceased's fall from a virtuous life to a degraded and immoral one; that his conduct with her was adulterous; that he supplied her or allowed her to be supplied with intoxicating liquors at the time when their use was forbidden by her medical adviser, and that he did so at times when he could easily have prevented their use by the deceased had he so wished; that he neglected to provide her with medical attention at Madeira till compelled to do so by the hotel proprietor; that while there he allowed her to have intoxicating liquors which caused her death; that he endeavoured to raise money on the strength of the testamentary provisions in his favour, and in the expectation of her early demise, to which he was contributing; that he exercised his influence by producing the unfortunate woman's downfall, and that in other respects his conduct was heartless and cruel, and I am of opinion that he is unworthy to succeed within the meaning of the authorities which I have cited.

‘n Ander interessante geval waaroor daar twyfel bestaan, is die geval van ‘n motorbotsing waar die dood van die testateur nalatig deur die begunstigde (bestuurder) veroorsaak is. Daar bestaan geen gerapporteerde sake waar ‘n begunstigde uitgesluit is van sy bemaking deurdat hy die dood van ‘n testateur

82 *Nell v Nell* 1976 2 SA 700 (T) 702F-H.

83 *Nell v Nell* 1976 2 SA 700 (T) 702F-H.

84 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 37-38; Mattheus *Zinspreuken* nr 6 132.

85 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 39.

86 *Taylor v Pim* 1903 NLR 484.

87 *Taylor v Pim* 1903 NLR 484.

nalatig deur middel van 'n motorbotsing veroorsaak het nie.⁸⁸ Dit is juis hieroor wat daar sekerheid gekry moet word, omrede dit uit die historiese agtergrond blyk dat só 'n persoon onwaardig beskou kan word. Die toepassing van die “bloedige hand” beginsel in geval van 'n motorbotsing is taamlik onseker.⁸⁹ Isakow⁹⁰ is van mening dat die toepassing van die “bloedige hand” beginsel op nalatige doodveroorsaking slegs 'n reël is wat in boeke en wette neergelê is en dat dit in onbruik verval het.

Regter Steyn het egter in *Ex parte Steenkamp en Steenkamp*⁹¹ beklemtoon dat die Romeins-Hollandse skrywers se beperkings nie in onbruik verval het nie.⁹² *Ex parte Steenkamp en Steenkamp*⁹³ het gehandel oor 'n man wat sy skoonouers vermoor het en skuldig bevind is aan moord. Hy was dus onbevoeg om van hulle te erf, maar sy vrou was swanger voor die testateurs se dood en die kind het ingevolge die *nasciturus*-fiksie geërf. Die kind is na 'n paar maande oorlede en die hof moes beslis of die kind se pa (wat die kind se grootouers vermoor het) bevoeg is om van die kind te erf.⁹⁴ Die hof het beslis dat daar geen kousale verband was tussen die moord op sy skoonouers en die dood van sy kind nie en Steenkamp was geregtig om van sy dogter te erf.⁹⁵ Alhoewel Steenkamp eventueel bevoordeel is deur sy eie blaamwaardige daade, is Regter Steyn se verwysing na die “bloedige hand” beginsel bevestiging dat dit nie in onbruik verval het nie.

88 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 37.

89 Sien hoofstuk 2 van hierdie studie.

90 Isakow *The Law of Succession Through the Cases* 65.

91 *Ex parte Steenkamp en Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T).

92 *Ex parte Steenkamp en Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T) 750-751; Isakow *The Law of Succession Through the Cases* 65.

93 *Ex parte Steenkamp en Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T).

94 In die Suid-Afrikaanse reg is 'n ongebore kind bevoeg om te erf indien die kind verwek is voor die testateur se dood, die erfenis moet tot die kind se voordeel wees en die kind moet lewend gebore word. Jamneck *et al Erfreg* 113-114.

95 *Ex parte Steenkamp en Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T).

3.3 Standpunte van moderne skrywers

Vervolgens word enkele outeurs se standpunte ondersoek ten einde vas te stel of daar 'n behoefte aan 'n beperking op die “bloedige hand” beginsel in die geval van nalatige doodsveroorsaking is.

Openbare beleid bepaal dat niemand bevoordeel kan word uit sy eie verkeerde daade nie en dit is dan ook die grondslag van die “bloedige hand” beginsel.⁹⁶ Dit is teen die morele standaard van die gemeenskap dat 'n moordenaar bevoordeel kan word uit sy misdadige optrede. McLennan⁹⁷ is van mening dat dit problematies is om 'n persoon uit te sluit van 'n bemaking wanneer dit teen die keuse van die testateur is. Hy verwys vervolgens na die *Casey*-beslissing⁹⁸ waar die hof vir die eerste keer *obiter* gesê het dat 'n nalatige doodsveroorsaker onbevoeg is om van die testateur te erf.⁹⁹ In hierdie saak het die man sy vrou se dood veroorsaak deur die nalatige gebruik van 'n vuurwapen.¹⁰⁰

Volgens Schoeman¹⁰¹ word opset en nalatigheid ingesluit indien skuld as 'n maatstaf gebruik word. Nalatigheid strek, sover dit die onwaardigheidsmet aangaan, verder as wat nalatigheid in die sin van strafregtelike vervolging strek.¹⁰² Aan die ander kant sal dit ongewens wees indien alle gevalle van nalatigheid in strafregtelike vervolging tot onwaardigheid lei.¹⁰³ Die Suid-

96 Schoeman 1994 *THRHR* 116; Isakow *The Law of Succession Through the Cases* 64; McLennan 1996 *SALJ* 143.

97 McLennan 1996 *SALJ* 143.

98 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N).

99 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N); McLennan *SALJ* 143.

100 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N).

101 Schoeman 1994 *THRHR* 117.

102 Schoeman 1994 *THRHR* 117. 'n Persoon kan maklik aangekla en strafregtelik skuldig bevind word vir 'n nalatige oortreding soos byvoorbeeld nalatige bestuur van 'n voertuig, maar waar dit handel oor onwaardigheid sal nalatige bestuur nie altyd morele blaamwaardigheid tot gevolg hê nie.

103 Schoeman 1994 *THRHR* 117.

Afrikaanse regskommissie¹⁰⁴ het in 1991 in die *Hersiening van die Erfreg* die volgende gesê:

Gevalle kan bedink word waar die gemeenskap iemand se optrede sterk sal afkeur alhoewel hy slegs aan strafbare manslag en nie aan moord nie, skuldig bevind is. 'n Man rand byvoorbeeld sy vrou aan en sy sterf as gevolg van die aanval. Die man word aan strafbare manslag skuldig bevind. Hierteenoor kom gevalle van moord voor waar die gemeenskap nie 'n moordenaar se gedrag sterk afkeur nie, byvoorbeeld waar 'n seun sy pa wat aan ongeneeslike kanker ly, 'n genadeslag toedien.

In Junie 1991 het die Suid-Afrikaanse Regskommissie¹⁰⁵ 'n verslag op die hersiening van die erfreg gepubliseer.¹⁰⁶ Die aanbevelings is in die *Wetsontwerp tot die Wysiging van die Erfreg* in Oktober 1991 vervat.¹⁰⁷ Hierdie aanbevelings is opgeneem in klousule 1 van die *Wetsontwerp tot Wysiging van die Erfreg*¹⁰⁸ en het die volgende bepaal:

(1) Iemand wat die dood van 'n ander-

- (a) Onregmatig en opsetlik veroorsaak het of gepoog het om dit te doen; of
- (b) Op 'n nalatige wyse waarby aanranding betrokke is, veroorsaak het,

is onbevoeg om enige erfregtelike voordeel uit die boedel van sodanige ander persoon te ontvang tensy 'n bevoegde hof bevind dat sy verwytbaarheid in die omstandighede van die geval, ook met inagneming van enige vergifnis van die dader deur die erflater, nie die verbeuring van sodanige erfregtelike voordeel regverdig nie

Iemand wat die dood van 'n ander op 'n nalatige wyse waarby aanranding nie betrokke is nie, veroorsaak het, is nie bloot om daardie rede onbevoeg om enige erfregtelike voordeel uit die boedel van sodanige ander persoon te ontvang nie.

Bogenoemde klousule behels dat 'n persoon wat die dood van die testateur veroorsaak het, wel van die oorledene sou kon erf indien daar geen sprake van aanranding was nie. Die hof sou egter die bevoegde instansie wees wat

104 Die Suid-Afrikaanse Regskommissie Projek 22: *Hersiening van die Erfreg* 1991 19; Die Suid-Afrikaanse Regskommissie se naam het in 2002 verander na die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie. Sien ook Schoeman 1994 *THRHR* 117.

105 Die Suid-Afrikaanse Regskommissie Projek 22: *Hersiening van die Erfreg* 1991 19

106 Jonker 2002 *De Rebus* 23; Skeen 1993 *SALJ* 448; Schoeman 1994 *THRHR* 118.

107 Jonker 2002 *De Rebus* 23; Skeen 1993 *SALJ* 448; Schoeman 1994 *THRHR* 118.

108 *Wetsontwerp tot Wysiging van die Erfreg* W8/92 (AS).

die diskwalifikasie sou moes ophef nadat sekere faktore in aanmerking geneem is.¹⁰⁹

Met verwysing na motorongelukke sou hierdie klousule teweeg kon gebring het dat die nalatige bestuurder nie *per se* onwaardig sou gewees het om van die oorlede testateur te erf nie.¹¹⁰ Die “bloedige hand” beginsel sou steeds in beperkte omstandighede toepassing gevind het en die howe sou ‘n diskresie gehad het om te beslis oor die moreel afkeurenswaardige gedrag van die doodsveroorsaker in elke spesifieke geval.¹¹¹

Klousule 1 is egter deur die Gesamentlike Komitee van Justisie verwerp en is nie in die *Wysigingswet tot Erfopvolging*¹¹² opgeneem nie.¹¹³ Volgens Schoeman¹¹⁴ sou die verslag aanleiding daartoe kon gee dat selfs ‘n moordenaar geregtig sou wees om van die persoon wat hy vermoor het te erf en is dit daarom verstaanbaar dat die wetgewer nie geredelik sal toegee dat ‘n nalatige doodsveroorsaker bevoeg kan wees om te erf nie.

Sonnekus en Van der Walt¹¹⁵ het die Suid-Afrikaanse Regskommissie se verslag gekritiseer en gesê dat die onwaardigheidsmet nie in alle gevalle van nalatige optrede anders as by aanranding, toepassing sal vind nie. As aanranding nie bewys kan word nie sal die persoon geregtig wees om te erf.¹¹⁶ Hulle oplossing is dat:¹¹⁷

Die wetgewer moet eerder volstaan met die algemene formulering van die diskresie van die hof om in die lig van die omstandighede en die morele verwythbaarheid te gelas dat ‘n bepaalde bevoordeelde bevoeg (of onbevoeg) tot erfregtelike opvolging is.

109 Sien klousule 1 (1)(b).

110 Jonker 2002 *De Rebus* 23; Skeen 1993 *SALJ* 448; Schoeman 1994 *THRHR* 118.

111 Schoeman 1994 *THRHR* 118.

112 *Wysigingswet op Erfopvolging* 44 van 1982. (Hierna die *Wysigingswet op Erfopvolging*)

113 Jonker 2002 *De Rebus* 23; Skeen 1993 *SALJ* 448; Schoeman 1994 *THRHR* 118.

114 Schoeman 1994 *THRHR* 118.

115 Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 153.

116 Schoeman 1994 *THRHR* 118-119.

117 Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 153; Schoeman 1994 *THRHR* 118-119.

Sonnekus en Van der Walt¹¹⁸ se oplossing ruim steeds nie die onsekerheid met betrekking tot nalatige doodsveroorsaking uit die weg nie. Skeen¹¹⁹ sê dat daar verskillende grade van nalatigheid is wat strek van growwe nalatigheid tot 'n geringe mate van nalatigheid.¹²⁰ Hy verwys ook na die Engelse *Forfeiture Act*¹²¹ en maak die voorstel dat soortgelyke wetgewing in Suid-Afrika opgeneem moet word.¹²² Daardeur sal die howe 'n bevoegdheid verkry om te beslis dat 'n persoon wat die dood van die testateur op 'n nalatige wyse veroorsaak het, wel bevoeg verklaar kan word om van die oorledene te erf.¹²³ Deur die “bloedige hand” beginsel te koppel aan die grade van nalatigheid kan daar makliker 'n onderskeid getref word tussen nalatige doodsveroorsaking wat die doodsveroorsaker uitsluit van sy bemaking en nalatige doodsveroorsaking wat nie die doodsveroorsaker van sy bemaking sal uitsluit nie.¹²⁴

Skeen se voorstel bied ook nie in alle opsigte 'n klinkklare oplossing nie, omdat alle nalatige doodsveroorsakers eers deur 'n hof bevoeg verklaar moet word voordat hulle kan erf. Dit sal dan weer veroorsaak dat die boedelberedderingsproses uitgerek word. Dit is egter 'n stap in die regte rigting omdat almal nie meer outomaties deur die werking van die “bloedige hand” beginsel uitgesluit word nie.

Die toets vir nalatigheid in die Romeins-Hollandse reg was subjektief en die vraag na morele blaamwaardigheid was dus belangrik.¹²⁵ In Suid-Afrika is die toets vir nalatigheid egter objektief.¹²⁶ Dit kan veroorsaak dat selfs die geringste mate van afwyking van die standaard van die redelike persoon daartoe sal lei

118 Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 153.

119 Skeen 1993 *SALJ* 448.

120 Growwe nalatigheid sal byvoorbeeld wees waar 'n persoon 'n gelaaide geweer rondswaai en dan iemand se dood so veroorsaak. 'n Geringe mate van nalatigheid sal wees waar die persoon 'n motor bestuur en 'n band van die motor bars en die bestuurder slaag nie daarin om die motor op die pad te hou nie.

121 Die *Forfeiture Act* 1982.

122 Skeen 1993 *SALJ* 449; Jonker 2002 *De Rebus* 23.

123 Skeen 1993 *SALJ* 448; Jonker 2002 *De Rebus* 23.

124 Byvoorbeeld motorongelukke indien die “bloedige hand” beginsel verslap word.

125 Schoeman 1994 *THRHR* 117-118.

126 Schoeman 1994 *THRHR* 117-118; Van der Walt *Delict* 66.

dat die handeling op nalatigheid neerkom.¹²⁷ Dit was ook die geval in *Cape Town Municipality v Paine*¹²⁸ waar die hof beslis het dat die versuim van die munisipaliteit om 'n atletiekstadion in stand te hou, neerkom op nalatigheid.

Van der Walt en Sonnekus¹²⁹ is van mening dat, in die lig van die objektiwiteit van die hedendaagse nalatigheidstoets en die subjektiwiteit van die toets in die klassieke Romeins-Hollandse reg, daar aanvaar kan word dat die Romeins-Hollandse tekste hulle absolute relevansie of trefkrag verloor het. So gesien sal 'n bevinding van nalatigheid in terme van die objektiewe toets nie die doodsoorsaaker binne die oorspronklike trefwydte van die Romeins-Hollandse tekste bring nie en gevolglik sal dit nie onwaardigheid daarstel nie.¹³⁰

Met verwysing na die bogenoemde objektiewe toets vir nalatigheid, kan daar weer eens na motorongelukke as voorbeeld verwys word. As gevolg hiervan kan die tegniese nalatigheid wat dikwels betrokke is by motorongelukke, nie op nalatigheid neerkom nie en dus nie onwaardigheid meebring nie.¹³¹ Motorongelukke vind gereeld plaas en die toepassing van die “bloedige hand” beginsel op hierdie gevalle sal meebring dat die doodsoorsaaker onbevoeg sal wees om te erf.¹³² Regter McLaren noem dit: “unduly harsh and out of touch with the spirit of the times”.¹³³

127 Van der Walt *Delict* 66.

128 *Cape Town Municipality v Paine* 1923 AD 207 230. In hierdie saak het die munisipaliteit 'n perseel besit en aan die eiser verhuur vir die gebruik van atletiekbyeenkomste. Die munisipaliteit was ingevolge die huurkontrak verplig om die perseel en al sy strukture te onderhou. Die eiser het beserings opgedoen nadat hy deur 'n houtbalk op die stadion getrap het en het gevolglik 'n eis vir pyn en lyding teen die munisipaliteit ingestel. Die hof het bevind dat deur nie die balke te vervang nie, die gedrag neerkom op nalatigheid en derhalwe is die munisipaliteit aanspreeklik.

129 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 39-40.

130 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 39-40.

131 Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 39-40.

132 McLennan 1996 *SALJ* 143.

133 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N) 510I.

Volgens die hof is dit nodig om wetgewing te skep ten einde sekerheid oor hierdie aangeleentheid te kry.¹³⁴ Volgens hom moet die “bloedige hand” beginsel verslap word sodat motorongelukke nie in die trefwydte van die beginsel val nie.¹³⁵

Volgens Statistieke Suid-Afrika is sowat 5 664 persone in 2006 oorlede as gevolg van motorongelukke op Suid-Afrikaanse paaie.¹³⁶ Schoeman¹³⁷ stem egter nie saam met ‘n verslapping van die “bloedige hand” beginsel nie. Volgens haar sal ‘n persoon wat die dood van die testateur in ‘n motorongeluk veroorsaak het onbevoeg wees om van daardie persoon te erf.¹³⁸ Schoeman¹³⁹ gaan verder en sê dat die nalatigheidstoets nie alleenstaande is nie en dat ‘n persoon nalatig kon optree maar sy optrede nie as afkeurenswaardig deur die gemeenskap geag word nie. Solank die gemeenskap nie die gedrag afkeur nie, sal daardie persoon steeds geregtig wees om te erf.¹⁴⁰

Dit blyk dus dat die morele blaamwaardigheid en die gemeenskapsopvatting ‘n groot rol in die toepassing van die “bloedige hand” beginsel speel en vervolgens sal daardie rol ondersoek word.

3.4 Morele blaamwaardigheid en die gemeenskapsopvatting

3.4.1 Verskillende standpunte

Soos reeds aangetoon is die “bloedige hand” beginsel van toepassing op sake waar die moreel blaamwaardige optrede van die erfgenaam die dood van die

134 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N) 510l.

135 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N) 510l.

136 Statistics South Africa *Road Traffic Accident Deaths in South Africa, 2001-2006 Evidence from death notification* 12.

137 Schoeman 1994 *THRHR* 117-118.

138 Van der Walt *Delict* 66.

139 Schoeman 1994 *THRHR* 118; Sien die Regskommisie se verslag waarvan ‘n gedeelte opgeneem is in die *Wysigingswet op Erfopvolging 44 van 1982*.

140 Schoeman 1994 *THRHR* 118;

testateur veroorsaak het.¹⁴¹ Daar bestaan twee uiteenlopende standpunte in hierdie verband. Volgens Isakow¹⁴² is:

An indignus is a person who is legally unworthy to inherit from the decedent, for instance where he has unjustifiably and unintentionally caused the decedent's death. Neither the *indignus* nor any person claiming under him may inherit from his victim by will or *ab intestate*.

Volgens haar kan sò 'n persoon¹⁴³ nie erf nie aangesien dit in stryd sal wees met die “bloedige hand” beginsel en die beginsel dat geen persoon uit sy eie verkeerde daade bevoordeel mag word nie.¹⁴⁴ Isakow¹⁴⁵ maak die stelling dat 'n persoon wat nie regtens skuldig bevind is aan 'n kriminele klag nie, nie as 'n *indignus* beskou sal word nie en derhalwe nie onbevoeg sal wees om te erf nie.¹⁴⁶

Isakow verwys na die posisie in die VSA waar die werking van die “bloedige hand” beginsel beperk is deur dit te koppel aan strafregtelike aanspreeklikheid.¹⁴⁷ In die VSA staan dit bekend as die “Slayer rule” wat slegs toegepas word in gevalle waar 'n persoon skuldig bevind word aan moord. Isakow¹⁴⁸ stel voor dat indien 'n persoon onskuldig is aan 'n klag van byvoorbeeld moord, strafbare manslag of selfs dronkbestuur, daardie persoon steeds van die testateur sal kan erf, ongeag of dit ingevolge 'n testament is en of die boedel intestaat vererf word.

141 Sien *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N); *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T) 47G; *Nell v Nell* 1976 2 SA 700 (T); *Taylor v Pim* 1903 NLR 484; Jonker 2002 *De Rebus* 22; Van Der Walt en Sonnekus 1981 *TSAR* 38; Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 148; Knoetze 1998 *TSAR* 783; Cronje en Roos *Erfreg Vonnisbundel* 152-153.

142 Isakow *The Law of Succession Through the Cases* 64.

143 'n Indignus

144 Isakow *The Law of Succession Through the Cases* 64. Sien Schoeman 1994 *THRHR* 116; McLennan 1996 *SALJ* 143, *Ex parte Steenkamp en Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T), In *Taylor v Pim* 1903 NLR 484, 595 het dit duidelik geblyk dat 'n persoon wat die dood van die testateur veroorsaak het en daar geen regverdiging vir sy/haar aksies bestaan nie, hy/sy onbevoeg sal wees om van daardie testateur te erf ongeag of die dood direk of indirek veroorsaak is.

145 Isakow *The Law of Succession Through the Cases* 65.

146 *Ex Parte Meier* 1980 3 SA 154 (T); *Gafin NO v Kavin* 1980 3 SA 1104 (W).

147 Slayer rule. Ingevolge hierdie reël word slegs persone wat skuldig bevind is aan moord getref deur die werking van die “bloedige hand” beginsel. Die spreuk is nie van toepassing op persone wat skuldig bevind word aan 'n mindere oortreding soos strafbare manslag nie.

148 Isakow *The Law of Succession Through the Cases* 65.

Soos reeds aangetoon is daar geen regspraak wat haar standpunt ondersteun nie.¹⁴⁹

Schoeman¹⁵⁰ sê, in teenstelling met Isakow, dat indien 'n persoon die dood van die testateur veroorsaak het en hy nie skuldig bevind word aan moord of enige ander kriminele klag nie, hy steeds nie van daardie persoon sal kan erf nie.¹⁵¹ Dit is so beslis in die *Taylor-saak*¹⁵² waar die man op 'n nalatige wyse bygedra het tot die dood van sy vrou. Die hof het bevind dat hy onbevoeg is om te erf alhoewel daar geen kriminele vervolging was nie. Regter Bale het die algemene beginsel bevestig, naamlik dat sy onbevoegdheid geleë is in die feit dat geen persoon bevoordeel kan word uit sy eie verkeerde handeling nie.¹⁵³

Ook in die *Caldwell-saak*,¹⁵⁴ het Regter Blackwell beslis dat 'n persoon wat die dood van 'n testateur veroorsaak het wel as 'n *indignus* beskou kan word al word hy nie aan 'n kriminele klag skuldig bevind nie.¹⁵⁵ Hy het verder gesê dat hy tot dieselfde gevolgtrekking sou kom indien hy die beginsels van die Engelse reg sou volg, aangesien die doodsveroorsaker se optrede teen die openbare beleid is en daarom sal hy steeds onbevoeg wees om te erf.¹⁵⁶

3.4.2 Ontleding van die gemeenskapsopvatting en openbare beleid

Indien dit dan nou die posisie is dat die openbare beleid of die gemeenskapsopvatting as maatstaf gebruik word, moet daar eers vasgestel word wat die gemeenskapsopvatting is.¹⁵⁷ Daarna moet gekyk word welke gedrag

149 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N); *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T) 47G; *Nell v Nell* 1976 2 SA 700 (T); *Taylor v Pim* 1903 NLR 484; *Ex Parte Steenkamp en Steenkamp* 1952 1 SA 744 (T).

150 Schoeman 1994 *THRHR* 116.

151 Schoeman 1994 *THRHR* 116.

152 *Taylor v Pim* 1903 NLR 484.

153 *Taylor v Pim* 1903 NLR 484. Sien Schoeman 1994 *THRHR* 116; Isakow *The Law of Succession Through the Cases* 64; McLennan 1996 *SALJ* 143.

154 *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T).

155 *Caldwell v Erasmus* 1952 4 SA 43 (T) 49.

156 Schoeman 1994 *THRHR* 116.

157 Schoeman 1994 *THRHR* 117.

die gemeenskap as moreel afkeurenswaardig of teen die openbare beleid beskou.¹⁵⁸ Dit blyk dat die gemeenskap die gedrag van 'n persoon wat skuldig bevind is aan 'n kriminele klag as afkeurenswaardig beskou.¹⁵⁹ Só 'n persoon sal in die oë van die gemeenskapsopvatting onbevoeg wees en as 'n *indignus* beskou word.¹⁶⁰ Wat nie so duidelik is nie, is waar 'n persoon 'n voertuig op 'n nalatige wyse bestuur het en die testateur in die proses gedood is.¹⁶¹ Die meeste moderne skrywers is van mening dat hierdie optrede waarskynlik nie morele blaamwaardigheid meebring nie.¹⁶² Sonnekus en Van der Walt¹⁶³ stel dit soos volg:

Die kwalifikasie van 'morele verwytbaarheid' verwoord in hierdie verband die gemeenskapsopvatting waarop die beginsel van erfregtelike onwaardigheid gebaseer is en dit dek nie ook tegniese, blaamlose, doodsoorsaaking nie.

Met die gemeenskapsopvatting word daar bedoel dat nalatige doodsoorsaaking (in die sin van 'n motorongeluk) nie as afkeurenswaardige gedrag bestempel word nie.¹⁶⁴ Dus behoort motorongelukke nie toepassing te vind onder die "bloedige hand" beginsel nie.

Deur die gemeenskapsopvattingbenadering te gebruik, word daar 'n fisiese betrokkenheid of fisiese afkeurenswaardige gedrag vereis voordat die "bloedige hand" beginsel toepassing sal vind. Skeen¹⁶⁵ se oplossing is dat die hof 'n diskresie gegee moet word om te bepaal in welke omstandighede die "bloedige hand" beginsel van toepassing sal wees en watter nie. Sy standpunt is in

158 Schoeman 1994 *THRHR* 117.

159 Schoeman 1994 *THRHR* 117.

160 Schoeman 1994 *THRHR* 117.

161 Sien *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N) 510l; *Makhanya v Minister of Finance* 2001 2 SA 1251 (D); Jonker 2002 *De Rebus* 22; Knoetze 1998 *TSAR* 783; Schoeman 1994 *THRHR* 116.

162 Cronjè en Roos *Erfreg Vonnisbundel* 127.

163 Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 150.

164 Schoeman 1994 *THRHR* 118; McLennan 1996 *SALJ* 143; Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 150; Jonker 2002 *De Rebus* 22; Skeen 1993 *SALJ* 449.

165 Skeen 1993 *SALJ* 449.

ooreenstemming met die diskresie wat klousule 1 in die Konsepwet¹⁶⁶ aan die howe sou gee.

‘n Verdere aspek wat ook ‘n rol kan speel by kriminele vervolging, is die rol wat ‘n staatsaanklaer speel. Die staatsaanklaer speel ‘n belangrike rol in die vervolging van kriminele sake in ‘n kriminele hof. Hulle tree op namens die staat en neem die besluit of ‘n persoon vervolg moet word of nie. Indien die staatsaanklaer besluit om te vervolg moet hy bewyse aan die hof voorlê om die misdaad bo redelike twyfel te bewys.¹⁶⁷ Veronderstel ‘n aanklaer besluit om nie ‘n nalatige doodsveroorsaker te vervolg nie, as gevolg van onvoldoende getuienis, wat sal die posisie van só ‘n persoon met betrekking tot sy tetamentêre bemaking dan wees? Is die blote feit dat hy nie strafregtelik aanspreeklik gaan wees nie, voldoende om hom bevoeg te maak om te erf of behoort die gemeenskapsopvatting tog ‘n rol te speel? Daar is geen antwoord op hierdie vraag nie, maar dit word aan die hand gedoen dat strafregtelike aanspreeklikheid die deurslaggewende rol behoort te speel.

3.5 *Strafregtelike aanspreeklikheid*

Dit behoort duidelik te wees dat dit hier gaan oor strafregtelike aanspreeklikheid van die nalatige doodsveroorsaker. Indien die begunstigde nie strafregtelik aanspreeklik is vir die dood van die testateur nie, sal hy nie onbevoeg wees om van die testateur te erf nie. Soos reeds aangedui¹⁶⁸ sal ‘n persoon strafregtelik aanspreeklik wees indien hy skuld gehad het in die dood van die testateur.

Ten einde strafregtelik aanspreeklik te wees, moet ‘n persoon skuld hê. Die vraag na skuld kan beantwoord word deur te kyk of die onregpleger die handeling kon vermy.¹⁶⁹ Indien die handeling nie voorsien of vermy kon word

166 *Wetsontwerp tot Wysiging van die Erfreg W8/92* (AS).

167 Bodenstein *et al Clinical Law in South Africa* 20.

168 Sien hoofstuk 3.4 paragraaf 3 van hierdie skripsie.

169 Snyman *Strafreg* 141.

nie, word daar nie aan die skuldvereiste voldoen nie, kan die onregpleger nie aanspreeklik gehou word vir sy daed nie en sal die “bloedige hand” beginsel ook nie toepassing vind nie.¹⁷⁰

Daar bestaan geen onsekerheid waar die doodsveroorsaker opsetlik opgetree het nie: hy sal onbevoeg wees om te erf. Meer problematies is die geval waar hy nalatig opgetree het en sodoende die dood van die testateur veroorsaak het. Iemand tree nalatig op indien sy optrede nie voldoen aan ‘n sekere maatstaf of standaard wat die reg stel nie. Hierdie maatstaf is te vinde in dit wat ‘n redelike mens in die betrokke omstandighede sou voorsien het, en die versigtigheid wat hy (die redelike mens) aan die dag sou gelê het.¹⁷¹

Alhoewel daar teenstrydighede is oor die feit dat daar verskillende grade van nalatigheid bestaan, kan dit tog bespeur word dat die hofe wel met erkenning daarna verwys.¹⁷² Morkel¹⁷³ sê dat indien nalatigheid beskou word as die versuim om ‘n sekere standaard van optrede te handhaaf, dit duidelik is dat daar wel grade van nalatigheid bestaan. In sy voorbeeld waar ‘n motor nalatig bestuur word indien die bestuurder oor die spoedgrens ry, sal ‘n persoon wat oor die spoedgrens ry terwyl dit mistig is of reën dus meer nalatig wees as die eersgenoemde.¹⁷⁴ Daar bestaan dus wel verskillende grade van nalatigheid, naamlik growwe nalatigheid en ‘n geringe mate van nalatigheid. Sommige juriste¹⁷⁵ poog om die “bloedige hand” beginsel aan strafregtelike aanspreeklikheid te koppel. Met ander woorde, indien ‘n persoon grof nalatig was, behoort hy uitgesluit te word van die erfenis, maar indien hy slegs gering nalatig was, behoort hy steeds te kan erf.

170 Snyman *Strafreg* 141, sien paragraaf 1.1 van hierdie skripsie.

171 Snyman *Strafreg* 207.

172 Morkel *Nalatigheid as grondslag vir strafregtelike aanspreeklikheid* 102.

173 Morkel *Nalatigheid as grondslag vir strafregtelike aanspreeklikheid* 102.

174 Morkel *Nalatigheid as grondslag vir strafregtelike aanspreeklikheid* 105.

175 Sien hoofstuk 2.2.3 en 3.3 van hierdie skripsie.

Deur die “bloedige hand” beginsel aan strafregtelike aanspreeklikheid te koppel, sal daar regsekerheid oor die onderwerp verkry word en kan sekere nalatige doodsveroorsakings uitgesluit word van die rekwydte van die “bloedige hand” beginsel. Daar sal meer sekerheid wees oor die toepassing van die “bloedige hand” beginsel omrede dit slegs toegepas sal word in gevalle waar daar strafregtelike vervolging ingestel is. Deur die onsekerheid uit die weg te ruim sal dit boedelbeplanning vergemaklik. Indien die wetgewer en die hof egter besluit om die “bloedige hand” beginsel toe te pas soos wat dit op die oomblik toegepas word, sal hierdie feit in aanmerking geneem moet word tydens die proses van boedelbeplanning.

HOOFSTUK 4

Boedelbeplanning

4.1 Inleiding

In die lig van die onsekerheid wat daar heers met betrekking tot die bevoegdheid van 'n nalatige doodsveroorsaker om van sy slagoffer te erf, moet van die standpunt uitgegaan word dat hy nie testamentêr van sy slagoffer sal kan erf nie. 'n Boedelbeplanner moet dus in aanmerking neem dat een of meer van sy begunstigdes onbevoeg kan wees om 'n erfenis te neem as gevolg van sy daade teenoor die testateur.

Die netto bates (bates minus laste) van 'n persoon, is die boedel van daardie persoon.¹⁷⁶ Indien die persoon 'n plan opstel met betrekking tot sy boedel, doen die persoon boedelbeplanning.¹⁷⁷ Die testateur verly 'n testament waarin hy sy wense uitspreek en bepaal wat sy wense ten opsigte van sy bates is na sy dood. Sy boedel word derhalwe so beplan dat dit die mees gunstige voordele inhou en na die testateur se dood word die boedel beredder.¹⁷⁸ Die onsekerheid oor die toepassing van die “bloedige hand” beginsel kan 'n uitwerking op die boedelbeplanningsproses voor en na die dood van die boedelbeplanner hê.

Soos reeds aangedui kom die “bloedige hand” beginsel ter sprake by intestate en testate erfreg, maar vir doeleindes van hierdie studie is daar slegs op die testate erfreg gefokus.¹⁷⁹ 'n Testament is 'n geskrewe dokument waarin iemand deur middel van 'n eensydige regshandeling, ooreenkomstig die geldende regsvoorskrifte, bepaal wat na sy dood met sy bates gaan gebeur.¹⁸⁰

176 Abrie *et al Boedels- en finansiële beplanning* 5.

177 Abrie *et al Boedels- en finansiële beplanning* 5.

178 Olivier en Van den Berg *Praktiese boedelbeplanning* 1-2.

179 Omrede daar by testate erfreg gewoonlik 'n mate van boedelbeplanning betrokke is.

180 Artikel 1 van die *Wet op Testamente* 7 van 1953, Abrie *et al Bestorwe boedels* 56.

‘n Testateur moet in sy testament voorsiening maak vir alternatiewe in die geval waar ‘n begunstigde nie bevoeg is om te erf nie.¹⁸¹ Dit is derhalwe belangrik om te weet onder watter omstandighede ‘n begunstigde onbevoeg sal wees om te erf en wanneer nie. In gevalle waar daar onsekerheid heers, soos byvoorbeeld die nalatige doodsveroorsaker, is dit ook belangrik dat die boedelbeplanner alternatiewe opsies oorweeg. Dit is vir die boedelbeplanner nodig om boedelbeplanningsmeganismes te identifiseer wat begunstigdes kan beskerm teen die gevolge van die “bloedige hand” beginsel in gevalle waar die testateur nalatiglik deur ‘n begunstigde gedood is.

4.2 Boedelimplikasies

4.2.1 Belasting

Indien een van die begunstigdes die dood van die testateur op ‘n nalatige wyse veroorsaak het en die hof verklaar daardie persoon onbevoeg om te erf, sal dit die hele beplanningsproses omvergooi. Die betrokke bates kan intestaat vererf indien die testateur nie voorsiening gemaak het vir substitusie nie. Die bates kan ook onder sekere omstandighede aanwas by ander begunstigdes of deur die restant erfgenaam geërf word. Dit sal kan veroorsaak dat die korting wat ‘n natuurlike persoon op boedelbelasting¹⁸² ontvang, dalk te bowe gegaan word en meer boedelbelasting kan betaalbaar wees.¹⁸³ Indien daar nie genoeg kontant in die boedel is om die verhoogde belastingbedrag te betaal nie, sal die eksekuteur bates uit die boedel moet verkoop. Die boedel bestaan uit al die testateur se bates en laste, maar al die laste moet eers betaal word voordat enige van die bates verdeel kan word.¹⁸⁴ Indien daar bates is wat dalk spesifiek bemaak was aan een van die begunstigdes en dit nou verkoop moet word om die laste van die boedel te delg, sal daardie begunstigde nie meer die bate ontvang wat die

181 Byvoorbeeld die geval van ‘n seun wat sy vader op ‘n nalatige wyse doodskiet terwyl hy ‘n vuurwapen skoonmaak.

182 R3 500 000 ingevolge art 4A van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

183 Art 4A van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955.

184 Abrie *et al Bestorwe boedels* 57.

testateur bedoel het hy moet ontvang nie. Indien die “bloedige hand” beginsel van toepassing is, sal dit nie saak maak of die bate verkoop word of aan een van die ander begunstigdes toegewys word nie, omrede die doodsveroorsaker in elk geval nie meer die erfenis sal ontvang nie, maar dit sal tog in sekere gevalle ‘n uitwerking op die grootte van die boedel self hê.

Die praktiese implikasie van die “bloedige hand” beginsel kan aan die hand van die volgende praktiese voorbeeld verduidelik word: Die testateur bemaak die vruggebruik¹⁸⁵ van sy woonhuis aan sy gade en die eiendomsreg aan sy seun.¹⁸⁶ Die gade veroorsaak die testateur se dood op ‘n nalatige wyse en word derhalwe getref deur die uitwerking van die “bloedige hand” beginsel. Die vruggebruik val dus in die bestorwe boedel van die testateur en, indien geen substituut aangewys is nie en aanwas nie moontlik is nie, val dit in die restant van die boedel en word deur die restante erfgenaam geërf.

Die waarde van die vruggebruik is dus nie meer ‘n Art 4q-korting¹⁸⁷ nie en kan ‘n rol speel by die berekening van boedelbelasting. Die testateur het dalk juis die vruggebruik aan sy gade bemaak om die bate vir sy nageslagte te beskerm en om die Art 4q-korting te benut en sodoende sy belastingaanspreeklikheid te beperk.¹⁸⁸

Volgens McLennan¹⁸⁹ kan ‘n testateur ‘n klousule in sy testament insluit om te voorkom dat die gevolge van die “bloedige hand” beginsel intree, omrede dit die doel van boedelbeplanning omver kan gooi. Hy stel voor dat die klousule iets soos die volgende moet lyk:¹⁹⁰

185 Wat gewoonlik hoër is as die waarde van die blooteiendom.

186 Vruggebruik: die vruggebruiker verkry ‘n reg om die saak te gebruik en te geniet terwyl die eiendomsreg vestig in die blooteienaar. Swart *et al Die beplanning en bereddering van boedels* 72.

187 Art 4q van die *Boedelbelastingwet* 45 van 1955; Soveel van die waarde van enige eiendom in die boedel ingesluit as wat aan die langsliewende gade van die oorledene toeval sal afgetrek word van die bedrag wat gebruik word om boedelbelasting te bereken.

188 Swart *et al Die Beplanning en Bereddering van Boedels* 247.

189 McLennan 1996 *SALJ* 144.

190 McLennan 1996 *SALJ* 144.

I direct that no beneficiary under this Will shall be unworthy to succeed solely on the ground that his or her conduct caused my death, unless it is proved that such conduct was intentional.

Hy betwyfel egter self die afdwingbaarheid van die klousule en sê dat dit moeilik is om te glo dat 'n persoon van die “bloedige hand” beginsel uitgesluit sal kan word.¹⁹¹ Volgens hom sal hierdie benadering die enigste wyse wees waarop die “bloedige hand” beginsel gewysig kan word en dat die mag om te besluit wie erf en wie nie in die hande van die testateurs gelaat moet word.¹⁹²

Daar kan dalk ander metodes wees om die mag in die hande van die testateur te laat sonder dat hy van die “bloedige hand” beginsel uitgesluit word. Testateurs kan byvoorbeeld gebruik maak van substitusie deur 'n klousule in hulle testamente te inkorporeer wat bepaal dat die bates wat 'n erfgenaam sou erf, vererf op 'n derde persoon indien die eerste erfgenaam verbied sou word om te erf as gevolg van die “bloedige hand” beginsel. Sodoende bly die voordele van boedelbeplanning in plek alhoewel die testateur se wense nie volkome nagekom is nie.

4.2.2 Vervroeging van voordele

Vervroeging van voordele kom byvoorbeeld voor waar die testateur gebruik gemaak het van 'n *fideicommissum*. 'n *Fideicommissum* is 'n reëling waardeur 'n testateur eiendom aan een persoon (die *fiduciarius*) nalaat, maar bepaal dat die eiendom ook 'n ander begunstigde (die *fideicommissarius*) moet toeval.¹⁹³ Die bemaking aan die *fiduciarius* is gewoonlik onderworpe aan 'n bepaling wat die eiendomsreg van die bate by die dood van die *fiduciarius*, of op 'n bepaalde

191 McLennan 1996 SALJ 144.

192 McLennan 1996 SALJ 144.

193 Jamneck *et al Erfreg* 174.

tydstip, of by die vervulling van 'n voorwaarde aan die *fideicommissarius* oordra.¹⁹⁴

Die vervroeging van voordele sal moontlik plaasvind indien die *fiduciarius* die dood van die testateur nalatiglik veroorsaak. Die vraag is of die eiendom dadelik na die *fideicommissarius* gaan (versnel) en of daar gewag moet word dat die voorwaarde eers vervul word, of die termyn verstryk.

Die howe het twee benaderings om hierdie vraag te antwoord.¹⁹⁵ Die eerste is 'n streng en letterlike benadering waar daar gekyk word na die bewoording van die testament. Indien daar 'n substitusie klousule is, sal dit daarop dui dat die *fideicommissarius* eers gevestigde regte na die dood van die *fiduciarius* of die afloop van die termyn sal ontvang.¹⁹⁶ Dit sal beteken dat, al het die *fiduciarius* die dood van die testateur veroorsaak, die *fideicommissarius* nie die eiendomsreg oor die bate verkry voor die *fiduciarius* nie oorlede is of die termyn verstryk het nie. In hierdie geval sal daar dan geen vervroeging van voordele wees nie.

Die tweede benadering is dat daar na die testament as 'n geheel gekyk moet word en nie net na die bewoording daarvan nie. Daar kan dus 'n vervroeging van voordele wees indien dit blyk dat die testateur slegs die bemaking uitgestel het vir die *fideicommissarius* vir die verwagte lewensduur van die *fiduciarius*.¹⁹⁷ Die *fideicommissarius* sal dan dadelik die eiendomsreg oor die bate verkry omrede die *fiduciarius* onbevoeg is om te erf as gevolg van die "bloedige hand" beginsel, maar die benadering is steeds onderhewig aan die bedoeling van die testateur. Met ander woorde, in die geval waar die *fiduciarius* onbevoeg is om te

194 Jamneck *et al Erfreg* 174.

195 Wiechers en Vorster *Wills and Administration of Estates* paragraaf 6.6.

196 Wiechers en Vorster *Wills and Administration of Estates* paragraaf 6.6.

197 Wiechers en Vorster *Wills and Administration of Estates* paragraaf 6.6 .

erf, word aanvaar dat die *fideicommissarius* se regte vervroeg, tensy die testament 'n aanduiding tot die teendeel bevat.¹⁹⁸

4.2.3 Trusts

Die “bloedige hand” beginsel kan selfs trusts beïnvloed. Die “bloedige hand” beginsel beteken dat geen persoon voordeel kan trek uit sy eie verkeerde dade nie en derhalwe behoort daardie persoon ook nie in die toekoms voordeel uit daardie selfde dade te trek nie. Indien 'n testateur sy bates aan 'n trust bemaak en die doodsveroorsaker is een van die trust se kapitaal- of inkomstebegunstigdes, sal daardie doodsveroorsaker steeds 'n voordeel trek uit sy verkeerde dade. Dit is ook onduidelik of die doodsveroorsaker verbied sal word om as trustee van die trust op te tree en of dit die totstandkoming van die trust sal beïnvloed indien die doodsveroorsaker as die enigste trustee van die trust aangewys is.

Dit is derhalwe ook moontlik om voordele by trusts te vervroeg. Dit kan ook aan die hand van die volgende voorbeeld verduidelik word. Die oprigter/testateur stig 'n trust vir die voordeel van die kinders wat dan aangewys word as die kapitaalbegunstigdes en die vrou word aangewys as die inkomstebegunstigde van die trust. Die trust bepaal dat by die dood van die inkomstebegunstigde die trustbates in die kapitaalebegunstigdes sal vestig. Die vrou veroorsaak die dood van die oprigter en word deur die hof onbevoeg verklaar om te erf as gevolg van die “bloedige hand” beginsel.

Dit sal beteken dat daar 'n vervroeging van voordele sal plaasvind omrede die bedoeling van die testateur was dat die kapitaalebegunstigdes eindelijk die gevestigde regte op die bates moet verkry. Die enigste rede vir die oprigting van

198 Sien De Waal en Schoeman *Erfreg* 157, wat die analoëgevalle bespreek waar 'n *fiduciarius* nie genoegsaam geïdentifiseer is nie.

die trust was vir die onderhoud van die langslewendende gade en in hierdie geval sal die onderhoud nie meer nodig wees nie en is daar geen rede waarom die bates nie dadelik in die kapitaalebegunstigdes kan vestig nie. Hierdie is maar enkele voorbeelde waar die “bloedige hand” beginsel in die geval van nalatige doodsoorsaaking van die testateur ‘n rol kan speel. In die volgende hoofstuk word enkele aanbevelings ten opsigte van die probleem aan die hand gedoen.

HOOFSTUK 5

Samevatting en aanbevelings

5.1 Samevatting

Na aanleiding van die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat daar gevalle is waar die “bloedige hand” beginsel nie altyd konsekwent in die geval van nalatige doodsveroorsaking toegepas word nie.¹⁹⁹ Daar is verskillende menings oor hoe die beginsel gekwalifiseer moet word en sommige skrywers is ook van mening dat sommige nalatige doodsveroorsaking nie binne die omvang van die “bloedige hand” beginsel moet val nie omrede daar verskillende grade van nalatigheid bestaan.²⁰⁰ Die uitwerking van die “bloedige hand” beginsel kan ‘n invloed op die beplanning van die boedel van ‘n testateur hê en die regsonsekerheid op hierdie gebied bemoeilik boedelbeplanning aansienlik. ‘n Regsvergelykende studie in die toekoms kan waardevol wees om te bepaal of die reël in Suid-Afrika verslap moet word of nie.²⁰¹

Dit is duidelik dat die gemeenskapsopvatting ‘n belangrike rol speel. Die gemeenskap keer gedrag van persone wat skuldig bevind is deur ‘n hof aan ‘n misdryf af en sonder ‘n skuldigbevinding sal die gemeenskap in die meeste gevalle nie die optrede afkeur nie.

Die “bloedige hand” beginsel is al vir baie jare deel van die Suid-Afrikaanse reg en daar was nog geen sake waar die beginsel toegepas is op nalatige doodsveroorsaking in die geval van motorongelukke nie. Die nie-toepassing van die beginsel kan daarop neerkom dat dit in onbruik verval het in die geval van

199 Sien Hoofstuk 2 van hierdie studie.

200 Schoeman 1994 *THRHR* 118; McLennan 1996 *SALJ* 143; Sonnekus en Van der Walt 1992 *TSAR* 150; Jonker 2002 *De Rebus* 22; Skeen 1993 *SALJ* 449.

201 Die Engelse Slayer rule. Ingevolge hierdie reël in Engeland word slegs persone wat skuldig bevind is aan moord getref deur die werking van die “bloedige hand” beginsel. Die spreuk is nie van toepassing op persone wat skuldig bevind word aan ‘n mindere oortreding soos strafbare manslag nie, *Forfeiture Act* 1982.

motorongelukke.²⁰² Die bestuurder is nie altyd verantwoordelik vir 'n botsing nie, byvoorbeeld 'n hond kon voor die motor ingeloop het en die bestuurder het die motor uitgeswaai en daarna het dit gerol. Hierdie handeling sal nie deur die gemeenskap as afkeurenswaardig bestempel word nie en gevolglik sal dit nie aanleiding gee daartoe dat die bestuurder uitgesluit sal word van sy erfenis nie. Maar indien die “bloedige hand” beginsel nougeset toegepas word, sal hy beslis uitgesluit word van sy bemaking.

Regter McLaren het in die *Casey*-beslissing²⁰³ gesê dat dit nodig is om wetgewing te skep om sekerheid oor die “bloedige hand” beginsel in gevalle van nalatige doodsveroorsaking te kry. Volgens hom moet die beginsel verslap word sodat motorongelukke nie in die trefwydte van die beginsel val nie.²⁰⁴

5.2 Aanbevelings

Op hierdie stadium word daar aan die hand gedoen dat die Suid-Afrikaanse wetgewer die voorgestelde wetswysiging²⁰⁵ heroorweeg. Dit is belangrik om nie alle nalatige doodsveroorsakings uit te skakel van die werking van die “bloedige hand” beginsel nie. Dit sal aanleiding gee tot misbruik en persone sal 'n moord so kan uitvoer dat dit onder nalatigheid gekwalifiseer word en derhalwe steeds van die oorledene erf.

Alvorens wetgewing ingestel word om die regsonsekerheid uit te skakel, is dit nodig dat 'n testateur sy boedel omsigtig beplan om voorsiening te maak vir die gevalle waar 'n begunstigde sy dood nalatig veroorsaak het. Die enigste manier om boedelbeplanning op hierdie stadium in stand te hou, is deur 'n klousule in die testateur se testament te inkorporeer waarin die testateur 'n ander begunstigde nomineer om te erf indien een van die ander begunstigdes

202 Sonnekus 2010 TSAR 177.

203 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N) 510l.

204 *Casey v The Master* 1992 4 SA 505 (N) 510l.

205 Sien hoofstuk 3.3 van hierdie skripsie.

onbevoeg verklaar word om te erf. Die “bloedige hand” beginsel sal steeds die doodsveroorsaker tref, maar ten minste bly die meeste ander voordele van die boedelbeplanning in stand. Die testateur se wense word nie volkome nagekom nie en dit kan ‘n groot finansiële nadeel vir die erfgenaam inhou, maar totdat die wetgewer nie die “bloedige hand” beginsel verslap nie, bly dit die enigste opsie. ‘n Tipiese klousule wat vir die “bloedige hand” beginsel voorsiening maak, kan soos volg bewoord word:

Indien een van my begunstigdes onbevoeg is om van my te erf omrede hy my dood op ‘n opsetlike of nalatige wyse veroorsaak het bepaal ek dat daardie begunstigde se erfenis in die restant van my boedel moet val en deur die restante erfgenaam gëerf word. Indien dit die restante erfgenaam is wat my dood veroorsaak het bemaak ek daardie bemaking aan die DBV.

Die boedelbelasting wat betrokke is indien ‘n sekere begunstigde soos byvoorbeeld die testateur se vrou die testateur se dood veroorsaak het en die bemaking faal, sal ‘n groot invloed hê op die bereddering van die boedel. Indien die begunstigde getref word deur die werking van die “bloedige hand” beginsel sal daar heelwat meer boedelbelasting gehef word en kan dit ernstige gevolge inhou soos byvoorbeeld dat daar bates verkoop moet word om die belasting te betaal. Hierdie aspek behoort deur die boedelbeplanner, veral in die geval van vermoënde boedels, in aanmerking geneem te word tydens die beplanningsproses

Bibliografie

Boeke en joernale

A

Abrie et al Bestorwe boedels

Abrie W et al *Bestorwe Boedels* 5de Uitg (ProPlus Uitgewers
Lynnwoodrif 2003)

Abrie et al Boedel- en finansiële beplanning

Abrie W et al *Boedel- en finansiële beplanning* 5de Uitg (ProPlus
Uitgewers Lynnwoodrif 2003)

B

Bodenstein et al Clinical Law in South Africa

Bodenstein J *Clinical Law in South Africa* (LexisNexis Butterworths
Durban 2004)

C

Cronje en Roos Erfreg Vonnisbundel

Cronje DSP en Roos A *Erfreg Vonnisbundel* 3de uitg (UNISA Uitgewers
Pretoria 2000)

D

De Groot Jurisprudence of Holland

De Groot H *Jurisprudence of Holland* (Oxford University Press New York
1926)

De Waal en Schoeman-Malan Erfreg

De Waal MJ en Schoeman-Malan MC *Erfreg* 4de uitg. (Juta Wetton
2008)

I

Isakow *The Law of Succession through the cases*

Isakow L *The Law of Succession through the cases* (Juta Cape Town 1985)

J

Jamneck *et al Erfreg*

Jamneck *et al Erfreg* (Oxford University Press Southern Africa 2010)

Jonker “Die Nalatige Bloedige Hand”

Jonker PG “Die Nalatige Bloedige Hand” 2002 *De Rebus* 22-24

K

Knoetze “Die moordenaar se onbevoegdheid om bevoordeel te word”

Knoetze E “Die moordenaar se onbevoegdheid om bevoordeel te word”
1998 *TSAR* 781-787

M

Matthaeus *Zinspreuken*

Matthaeus Zinspreuken by de Neederlandshe rechtsgeleerden gebrukelyk, in welke behalven de Roomsche rechten, coustumen en instellingen, en die van andere volkeren, het Utrechtsche recht verklaard en opgeheldered word. In het Neederduitsch overgezet door een rechtsgeleerde (S van Esveldt Amsterdam 1775)

Morwood *Pocket Oxford Latin Dictionary*

Morwood J *Pocket Oxford Latin Dictionary* (Oxford University Press New York 2005)

Morkel *Nalatigheid as Grondslag vir Strafregtelike Aanspreeklikheid*

Morkel DW *Nalatigheid as Grondslag vir Strafregtelike Aanspreeklikheid*
(LLD proefskrif Universiteit van die Vrystaat 1977).

McLennan “Unworthiness to inherit, the ‘Bloedige hand’ rule an euthanasia, what to say in your will”

McLennan JS “Unworthiness to inherit, the ‘Bloedige hand’ rule an euthanasia, what to say in your will” 1996 *SALJ* 143-146

P

Olivier en Van den Berg *Praktiese boedelbeplanning*

Olivier P A en Van den Berg GPJ *Praktiese boedelbeplanning* 4de uitg
(Juta Kaapstad 1991)

S

Snyman *Strafreg*

Snyman CR *Strafreg* 4de uitg (LexisNexis Butterworths Durban 2002)

Swart *et al Die beplanning en bereddering van boedels*

Swart JN *Die beplanning en bereddering van boedels* (Butterworth Uitgewers Durban 1985)

Schoeman “Nalatige doodsoorsaaking – Statutêre hervorming van die Erfreg?”

Schoeman MC “Nalatige doodsoorsaaking – Statutêre hervorming van die Erfreg?” 1994 *THRHR* 114-121

Skeen “Unworthiness through negligence”

Skeen A ST Q “Unworthiness through negligence” 1993 *SALJ* 446- 449

Sonnekus en Van der Walt “Die nalatige bloedige hand – Voor die hof en die wetgewer”

Sonnekus JC en Van der Walt JC “Die nalatige bloedige hand – Voor die hof en die wetgewer” 1992 *TSAR* 147-153

Sonnekus “Onwaardigheid vir erfopvolging en verse keringsbegunstiging”

Sonnekus JC “Onwaardigheid vir erfopvolging en verse keringsbegunstiging” 2010 *TSAR* 176

Suid-Afrikaanse Regskommissie Projek 22

Suid-Afrikaanse Regskommissie 1991 *Projek 22* : Hersiening van die Erfreg.

V

Van der Walt en Midgley *Delict*

Van der Walt JC en Midgley JR *Delict Principles and Cases* 2de uitg (Butterworths Durban 1997)

Voet *Commentary on the Pandects*

Voet J *Commentary on the Pandects* 5de uitg. (Butterworths Durban 1956) Vertaal deur Percival Gane J

Van der Walt en Sonnekus “Die nalatige bloedige hand – Neem dit erffenis?”

Van der Walt JC en Sonnekus JC “Die nalatige bloedige hand – Neem dit erffenis? 1981 *TSAR* 30-45

W

Wiechers en Vorster *Wills and Administration of Estates*

Wiechers NJ en Vorster I *Wills and Administration of Estates* toeganklik by www.lexisnexus.co.za (datum gebruik 8 November 2010)

Regspraak

Caldwell v Erasmus 1952 4 SA 43 (T)

Cape Town Municipality v Paine 1923 AD 207

Casey NO v The Master 1992 4 SA 505 (N)

Ex Parte Meier 1980 3 SA 154 (T)

Ex Parte Steenkamp en Steenkamp 1952 1 SA 744 (T)

Gafin NO v Kavin 1980 3 SA 1104 (W)

Hall v Knight en Baxter 1914 PD 1

Makhanya v Minister of Finance 1997 2 ALL SA 227 (D)

Nell v Nell 1976 2 SA 700 (T)

S v Van Wyk 1967 1 SA 488 (A)

Taylor v Pim 1903 NLR 484

Yassen v Yassen 1965 1 SA 438 (N)

Wetgewing

Boedelbelastingwet 45 van 1955

Forfeiture Act van 1982

Wet op Testamente 7 van 1953

Wysigingswet op Erfopvolging 44 van 1982